# DPS NUUSBRIEF

JANUARIE 2025

DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel




WELKOM BY ONS EERSTE NUUSBRIEF VIR 2025



## Matrikulante'24

In ons Potchefstroom huis is ons besonders trots op ons twee matrikulante van 2024.

Beide Shene asook Merelda het hulle matriek uitslae ontvang en soos ons dit genoem het, is deur met Universiteitsvrystelling.

Baie geluk julle twee, ons kan nie wag om te sien wat die toekoms vir jull einhou nie!









# Desember vakansie

Desember vakansies kan regtig lank raak, veral wanneer n kind geen familie of vakansie vriende het om by te gaan kuier. Ons besef dat elke kind n hunkering het om te behoort en ook graag na die lang vakansie terug by die skool wil deelneem aan gesprekke rakende heerlike vakansie aktiwiteite.

Om hierdie rede probeer ons altyd gedurende die lang vakansies n lekker aktiwiteit te reel vir ons siele wat die vakansie moet inbly.

Desember was geen uitsondering nie!

Hier in Potchefstroom huis maak ons n plan op warm dae - ona gaan hou piekniek langs die rivier.




Potchefstroom Huis het ook gasheer gespeel vir ons twee dogters van Rustenburg Huis. Oor die Desember vakansie probeer ons om vir al ons ses huise se pleegouers die geleentheid te gee om n welverdiende ruskans te geniet.

Almal spring in om dit vir die kinders lekker te maak en kon ons pleegouers (Melanie en Francois) self ook n blaaskans geniet terwyl een van ons dogters vir n paar dae by ons Montana huis gaan kuier het. Ons almal ken die Engelse gesegde “A change is as good as a holiday”

Almal is nou terug, uitgerus en reg om 2025 aan te pak!






# Ons foto gallery






















# Matrikulante 2025

Soos reeds gemeld het ons in 2024 twee matrikulante gehad en hierdie jaar is geen uitsondering nie!  Hierdie jaar het ons weer twee matrikulante in ons huis en is hulle reeds hard aan die voorberei en beplan vir hierdie belangrike jaar.  Beide dogters is gemotiveerd om hul matriek jaar ten volle te geniet en te beplan in samewerking met hul pleegouers en maatskaplike werker.  Hou hiedie spasie en ons WhatsApp groep dop om te sien wat hierdie jaar alles vir hul inhou.

Sterkte aan Melanie en Francois wat hierdie dogters gemotiveerd moet hou gedurende hierdie belangrike jaar.









# Ander nuus

## Poenskop vir Pleegsorg

Wil julle bietjie kleur aan julle fees, basaar of hare gee? Nooi ons en ons beloof om almal se dag op te kikker met n kleur hier en n haarsny daar. Sien uit om by julle te kom kuier.

Ons sal help om julle geleentheid te bemark.

Kontak Suzanne van Deventer by 0664778904 of epos by suzanne@rata.org.za.


















# Belangrike datums vir 2025



Ons 2025 kalender is reeds propvol lekkerte. Ons deel graag n paar belangrike datums met julle:

- 2 Maart 2025 - Deurkollekte vir ons DPS Huise
- 20 tot 23 Maart 2025 - DPS Gesinskamp
- 31 Mei 2025 - Wereld Pleegsorg Dag
- 11 Julie 2025 - Opleidingsgeleentheid vir pleegouers en kinders
- 13 September 2025 - Opleidingsgeleentheid
- 6 tot 10 Oktober 2025 - Kinderkamp
- November - Liewe Kersfees Vader




Die Toesigkomitee vergader kwartaaliks. Indien u nog nie betrokke is nie, kontak vir Ds Willem Kok en raak betrokke. Jy sal nie spyt wees nie! Ds Kok kan gekontak word by 083 664 0058 of epos wilmak@absamail.co.za

Beplande datums vir Toesigkomitee vergaderings vir 2025:

- 13 Februarie 2025 om 16h00
- 15 Mei 2025 om 16h00
- 14 Augustus 2025 om 16h00
- 6 November 2025 om 16h00



## BEHOEFTES

Ons behoeftes tans:

- Nie-bederfbare voedsel
- Vleis
- Brood en smere
- Vars groente en vrugte
- Bord speletjies
- Donasies vir bedryfsuitgawes (brandstof, elektrisiteit, diens van motor, ens)
- Skool benodighede
- Toiletbenodighede en skoonmaak middels
- Donasies vir terapeutiese uitgawes, arbeidsterapie, lees klasse
- Dokters, tandartse wat bereid sal wees om ons kinders pro bono of teen verlaagde tarriewe te sien
- Klere en onderklere vir ons dogters



# Ons se dankie




Baie dankie aan elke gemeente en individu wat na ons uitreik, julle betrokkenheid en gebede maak werklik n verskil.

Ons is die afgelope Desember geseen met kersgekskenke en heerlike uitstappies.

Dankie aan gemeentes wat betrokke is, nie net om ons kinders se magies vol te hou nie maar ook investeer in ons kinders se emosionele welstand.

Laastens aan elke donateur - soos ons Bestuurder, mnr Viljoen, in n skrywe noem - dit neem meer as water en koekies om ons kinders heel en gesond die grootmens wereld in te stuur - dankie dat julle bydraes ook vir terapie en ander noodsaaklikhede aangewend kan word.





**BANK BESONDERHEDE:**
**DPS-HUIS POTCHEFSTROOM**
**ABSA**
**REK NR: 4047 749 336**
**TAK KODE: 632 005**

## Hoe om ons te kontak

